

Verlag oor die ondersoek na die eet van afgodsoffers en relevante aksies.

Migael Lombaard, Majuba 2012

Geagte volksvergadering

Ek wil net in die staanspoor sê dat hierdie aansoek is sub judicæ alles wat ek sê is daaraan onderworpe.

Ek kan wel noem dat 'n volledige afskrif van die aansoek is te kry by nkcgg@gmail.com en is julle welkom om daarna te gaan kyk en die aansoek deur te lees.

Dit is ook my instruksies dat u welkom is om by die Koalisie aan te sluit en is al die prosedures om aan te sluit vir doeleindes van steun aan die aansoek op die webblad.

WIE IS DIE APPLIKANT:

NACCGI = Nasionale Assosiasie/Koalasisie van Christelike Groepe en Individue

Die koalisisie van Christene het tot stand gekom nadat verneem is dat die regering op 1 Maart 2012 'n regulasie gemagtig het waarby geloofs tekens op voedsel etikette nie meer gereguleer word nie. Hierdie regulasie is in stryd met die publiek se vryheid van Godsdiens oortuiging en mening sover dit die eet van voedsel aangaan.

Daar is twee hoof probleme.

1. Eerstens - geloofstekens soos die Halaalteken op voedsel word geplaas nadat Moslem rituele en offer van die voedsel aan Allah nagekom is. Baie van ander gelowe vind sulke voedsel onaanvaarbaar.

Hierdie verbod is ook van krag binne die Nuwe Testamentiese era, en mag nie ligtelik geskat word nie. Dit word ook na vore gebring deur Christus, die opgestane Seun van God in Openbaring 2 vers 14:

Op.2:14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

2. Tweedens – Die koste om dit Halaal te laat sertifiseer word dan koste van die voedsel. Ander geloofsondersteuners wat sulke voedsel koop subsidieer dus die Halaal sertifisering. Dit is onaanvaarbare diskriminasie om ander geloofsgenote sulke sertifisering te laat subsidieer.

Noudat die beheer oor sulke tekens afgeskryf is, is daar geen manier om die diskriminasie teen te gaan nie.

Dit het aanleiding gegee tot die aansoek, wat uiteraard nog sub judicæ is.

Die Respondente in die aansoek is die:

- Minister van Gesondheid
- Minister van Handel en Nywerheid
- Nasionale Verbruikers Tribinaal
- The United Ulama Council of South Africa (UUCSA) (toegetrede party)
- Daar word verwag dat die Joodse groep [Die unie van ortodokse singoges van Suid-Afrika] wat die Kosher teken aanbring, ook sal toetree.

Die Minister van Handel en Nywerheid het in Maart 2012 'n regulasie gemagtig wat geloofstekens op voedsel etikette onbeperk toelaat. Vroeër was hierdie tipe teken gereguleer.

Die aansoek is gebaseer op die regshulp van Artikel 9 in die Grondwet, die gelykheidsbeginsel, en dan Artikel 9 (3) wat lees:

Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer grond nie, met in begrip van ras, geslagtelikheid, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderom, gestremdheid, godsdiens, gewete oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

En dan moet Nasionale wetgewing verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

Die regulasie wat verband hou met die etiketering van voedsel soorte is in Maart 2012 gewysig deurdat geen regulasie meer bestaan wat geloofstekens reguleer nie.

Die Applikant se saak is dat hierdie optrede van die staat neerkom op onregmatige diskriminasie, deurdat bv die Halaal teken op kosprodukte toegelaat word op bykans alle kossoorte, terwyl die Moslem gemeenskap slegs 2% van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak.

Hierdie etikterings proses veroorsaak hoër produksie kostes, wat die balans van 98% van die bevolking nou moet dra, sonder dat daar voorskrifte is van alternatiewe produkte op die rak sonder die sertifiserings.

Die effek is dat die Christen groep wat 98% opmaak van die bevolking die Moslem geloof subsidieer deur hierdie produkte te koop.

Die Applikante voer ook aan dat die Minister van Handel en Nywerheid 'n konstitusionele plig het om te verseker dat die geloofstekens in demografiese gelykheid toegepas moet word, om sodoende diskriminasie te verhoed.

Die Applikante meld ook spesifiek dat hulle geensins 'n aanval loods op ander gelowe nie, maar dat hierdie aansoek daarop gemik is dat alle geloofsgroepe se regte in gelykheid aangewend en toegepas moet word, sover dit die geloofstekens op voedsel etikette aangaan.

Die geloofstekens is ook teenstrydig met die nuwe Verbruikersbeleid wetgewing.